

U genade is vir my genoeg

Oorspronklike titel: Uw genade is mij genoeg
Teks en Musiek: Marcel Zimmer
Afrikaanse vertaling: 2005 Faani Engelbrecht
© 1998 Celmar Music

Sien hoe Jesus daar loop in Jerusalem,
met 'n kruis op Sy rug en 'n doringkroon.
Hoor hoe die menigte skreeu en roep: "Kruisig Hom!" -
so betaal Hy die sondeloon.

Sien die Lam aan die kruis daar op Golgota:
God wat mens word en ly, die vernedering.
Sien die liefde vir ons in Sy oë staan,
toe Hy roep: "Dit is volbring!"

*Ja, ek dank U vir U genade, o Heer,
U het die kruis gedra.
U bewys U genade aan my telkens weer
en is meer as wat ek kan vra.*

In die ryk van die dood het Hy neergedaal.
Ja, uit liefde vir ons wat ons nie verstaan.
Maar die steen van die graf is nou weggehaal -
Jesus leef, Hy het opgestaan!

Ja, ek dank U vir U genade ...

En nou kom ek tot U met vrymoedigheid,
met ontsag en respek kniel ek voor U neer.
U is Koning en God tot in ewigheid,
U is Jesus die hoogste Heer.

Ja, ek dank U vir U genade ... (2x)

U genade's vir my genoeg.
U genade's vir my genoeg.